# LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE

Beste Graad 12 Landboubestuurspraktyke-leerder

Landboubestuurspraktyke is die studie en toepassing van produksie ekonomiese en bestuursbeginsels wat in die verbouing, transformasie en bemarking van voedsel en ander landbouprodukte gebruik word. Hierdie beginsels word gebruik om waarde tot landbouprodukte van hoë gehalte te voeg sodat hierdie produkte ekonomiese,estetiese, sosiale en kulturele waarde het.

Die vak is ontwikkel om jou 'n gesonde praktykgerigte grondslag te bied wat die teoretiese en praktiese komponente integreer.

## Oorsig van kennis

- Bestuursvaardighede: is die kennis en vaardighede wat nodig is om produksiefaktore te beplan, organiseer, lei, beheer en evalueer ten einde volhoubare produksie-ondernemings te verseker;
- Entrepreneursvaardighede: is die vermoë om risiko's te bestuur en produksiefaktore kreatief te kombineer ten einde voortreflike goedere en dienste te produseer;
- Bedryfsvaardighede: behels die daaglikse bestuur van gewas- en diere-ondernemings;
- Bemarkingsvaardighede: is die aktiwiteite in die landbouvoorsieningsketting wat waarde toevoeg en met verskeie landbouproduksielyne verband hou, insluitend aktiwiteite wat ná die oes plaasvind, soos berging, verwerking, voedselveiligheid, produkverpakking en verspreiding na verbruikers in plaaslike en wêreldmarkte; en
- Navorsingsvaardighede: sluit aspekte van probleemidentifisering, die stel van mikpunte, data-insameling, -analise, -evaluering en verslagskrywing in.

## Vakvereistes

Elke leerder moet die volgende hê:

- 'n handboek; en
- beskermende klere vir praktiese werk.

## Tydtoewysing vir Landboubestuurspraktyke

- Vier uur per week word aan Landboubestuurspraktyke toegeken. Een ononderbroke periode van twee uur moet per week vir praktiese werk toegeken word. Praktiese klasse in die middae kan gebruik word om die PAT af te handel en vir ander praktiese aktiwiteite soos deur die skool bepaal.

## Inhoudskontrolelys

Hieronder 'n kontrolelys wat jy behoort te gebruik om te verseker dat al die inhoud vir Graad 12 volledig gedek is.

Die belangrikste onderwerpe in Graad 12 is:

1. Gewasproduksie en Gewasbestuur
2. Grond– en Water-besproeing Bestuur
3. Produkoes en Gehaltebeheer
4. Diereproduksie en Aspekte van Dierebestuur
5. Plaasbeplanning en Rekordhouding
6. Waardetoevoeging, Prosessering en Produsenteorganisasies
7. Agri-toerisme, Besigheidsbeplanning en Entrepreneurskap






## Assessering

| | |
|---|---|
| SGA: 25% | 100 punte |
| PAT: 25% | 100 punte |
| Finale eksterne eksamen (Nov) **50%** | **200 punte** |

Gedurende die jaar sal jy verskillende formele asseseringstake voltooi. Alle assesseringstake is baie belangrik en jy moet dit na die beste van jou vermoë voltooi om 'n goeie SGA-punt te verseker.

Die volgende formele asseseringstake is verpligtend: :

- PAT
- Een praktiese taak
- Twee kontroletoetse
- Voorbereidingseksamen. Hierdie eksamen bevat dieselfde inhoudsverspreiding en formaat as die finale eksamenvraestel.
- Novembereksamen
- **Tydsduur van vraestel:** **3 uur**

**Produksieondernemings**

| | |
|---|---|
| Afdeling A (korter vrae) | **50 punte** |
| Afdeling B (3 x langer vrae) | **(150) 3 x 50 punte** |
| **Totaal:** | **200 punte** |

## Wenke vir sukses

- Vra jou onderwyser vir die inhoudsraamwerk van graad 12. Plak dit in jou werkboek. Merk elke onderwerp af soos dit in die klas onderrig word en skryf die toepaslike handboekbladsynommer langs elke onderwerp neer.
- Berei jouself voor om grafieke te teken en te interpreteer, berekeninge te doen (bv. die koëffisiënt van verteerbaarheid of voedingsverhouding), gevallestudies en scenarios deeglik te lees, diagramme te interpreteer (ook die byskrifte) en om jou kennis toe te pas.
- Gebruik soveel moontlik vorige Landboubestuurspraktykevraestelle om jou vir die eksamen voor te berei.
- Die PAT moet akkuraat en netjies volgens die PAT-riglyne gedoen en in die voorgeskrewe tyd afgehandel word.
- Take en praktiese take moet volgens die riglyne gedoen en betyds ingelewer word.







